# PE HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

14 Mei 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

## Geseënde Moedersdag

Julle is super-spesiaal!!!!!

## Vrouebybelstudie



Ons is **dissipels** wat daagliks ons geloof deur liefde tot dade leef … maar ons is ook **pelgrims** … op pad …

Die vrouebybelstudiegroep gaan op reis met die pelgrimsliedere (of -psalms). Enigeen is welkom om in te skakel. Hulle kom Dinsdae om 14:00 in die Raadsaal byeen. Skakel gerus die kerkkantoor indien jy wil bywoon, dan kry hulle vir jou ook 'n boek gereed. Koste beloop R30.

## Baie Welkom : Program van die dag

**09:00 Oggenddiens - Nagmaal** : Ds Pieter Nel
**10:00 Geloofsvormingsgroepe** in hulle onderskeie lokale

*Deurkollekte: VCSV*

## Program vir die Week :

**Woensdag: 17 Mei**
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

**Donderdag: 18 Mei**
18:30 Hemelvaartdiens

**Vrydag: 19 Mei**
05:15 Mannebediening

Maak gerus van een van hierdie metodes gebruik vir u dankoffers en Sondag kollektes:

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Hoogland Kommunikasie

Maak asseblief seker jy bly altyd op hoogte van die nuutste nuusgebeure hier in Hoogland. Daar word op die volgende platforms weekliks met u gekommunikeer:

*WHATSAPP - 079 815 9325* Indien u weekliks kommunikasie asook die erediens skakels en die Hallo.Hoogland vanuit die Kerkkantoor wil ontvang, **stoor hierdie nommer as 'n kontak** en *whatsapp* daarna asseblief u naam & van na hierdie nommer.

*Facebook - www.facebook.com/pehoogland* Gaan *like* asseblief Hoogland se *facebook*blad vir al die nuutste verwikkelinge.

*Instagram - www.instagram.com/hooglandpe* Gaan *follow* asseblief Hoogland se *instagram*blad - veral die jongmense!

YOUTUBE - **www.youtube.com** soek vir PE Hoogland en kry elke week se erediens daar.

WEBBLAD - **www.pehoogland.co.za** vir alle skakels na eredienste, Hallo.Hoogland, vorms, ens.

# Kom wees deel van Pinkster 2023

## PINKSTERTEMA VIR DIE WEEK : Op Jesus se hakke …

## 21 - 25 Mei om 17:00 Buffelsfontein & 18:30 Kerkgebou

Oesfees: Pinkster is die geleentheid om ons geloof deur liefde tot dade uit te leef met die jaarlikse **OESFEES**. Bring asseblief enige ekstra warm klere, komberse en wintergoed saam na die Pinksterbyeenkomste of kom gee dit by die kerkkantoor af.

Boeke-uitstalling: Daar sal ook weer 'n boeke-uitstalling deur Gina Erasmus in die Voorhuis wees, van 21 - 28 Mei. Kom kyk gerus wat sy het.

Sop: Kuier lekker saam om 'n warm beker sop *na* elke aand se byeenkoms in die Voorhuis.
*Indien daar dames is wat kan help met sop & broodjies laat weet asseblief vir Annalize in die kerkkantoor watter aand jou sal pas.*

Pinksterfees: Sondag, 28 Mei om 09:00 – Pinkster word met 'n feestelike tee-geleentheid afgesluit direk na die diens. So kom kuier gerus saam daardie Sondag!

Kanker bewusmakings maand : Gedurende Mei dra mens 'n grys strikkie ter ondersteuning van diegene wat gediagnoseer is met brein kanker…

# Uit die hart ....

As kind het Pinkstertyd die volgende vir my beteken: Halleluja-liedjies wat sommer so uit die banke opgegee word; sop en broodjies na afloop van die diens; gelowiges wat die geleentheid kry om te bid (en daar was elke jaar iemand wat jy geweet het: as hulle begin bid, raak dit lank) en dan natuurlik ook Pinksterfees. Dit kon ek altyd onthou.

Pinkstersondag is tien dae na Hemelvaart. Soos die heel eerste dissipels in die tyd ná Jesus se hemelvaart biddend gewag het op die gawe wat die Vader belowe het (Hand 1:4 en 5), is dié tien dae steeds vir die kerk 'n tyd van afwagting en voorbereiding op Pinkster, sodat die Gees die kerk (dit is ons!) weer nuut kan maak en kan uitstuur.

Pinksterfees kom elke jaar presies 50 dae ná Paassondag: die dag waarop Jesus opgestaan het uit die dood. Dié twee feeste is die belangrikste van al die kerklike feesdae. Die naam Pinkster kom van die Griekse woord *pentekoste* wat "vyftig" beteken (vgl. ook die Engelse woord Pentecost). Soos die Paasfees, was die Pinksterfees oorspronklik 'n Joodse fees: die fees van die weke (Num 28: 26-31) waar hulle God met graan uit die eerste opbrengs van die oes gedank en geprys het oor sy gawes (vgl. Lev 23:15-21).

Ek kan myself indink dat die dissipels tydens die 10 dae tussen Jesus se hemelvaart en die ontvangs van Heilige Gees, weer oor alles gesels, gedink en gedroom het wat Jesus hulle geleer en gewys het. Tydens die Pinksterbyeenkomste@Hoogland dink ons ook weer oor Jesus se lewe en wat Hy ons geleer het om volgelinge van Hom te wees. Dit is 'n leefstyl wat ek nie uit my eie vermoëns kan doen nie, maar 'n lewe waarvoor Heilige Gees ons bemagtig.

Ons gaan tydens Pinkster 2023 kort ***op Jesus se hakke*** volg.

My en ds Sunell se gebed is dat ons deur die Woord van God uitgedaag sal word om op Jesus se hakke te volg en dat Heilige Gees met oortuiging in ons sal werk tot lof en eer van God die Vader.

Ds Pieter